**Vrydag 23 September**

**Skrifgedeelte: Hebreërs 10:19-25**
**Fokusgedeelte: Hebreërs 10:23**

## Leef uit jou belydenis van hoop in Christus, dan sal jy nie moedeloos word nie

Ons teks bemoedig die Christene wat uit die Jode gekom het. Hulle het Christus, die Apostel wat deur God gestuur is en die Hoëpriester wat Homself geoffer het, bely (Heb. 3:1).

Nou word hulle aangespoor om aan hierdie belydenis van hoop in Christus vas te hou. In hulle doop het hierdie belydenis van Christus reeds sigbaar geword. Hulle moet nie deur die druk van vervolging en verleiding hierdie belydenis van die hoop op Christus loslaat nie.

Hierdie hoop is nie maar ’n sprong in die donker nie, soos wanneer iemand sê hy/sy hoop dit of dat gebeur, maar hulle kan nie seker wees dit gaan gebeur nie. Die hoop in Christus is juis iets wat vir die gelowige vasstaan, omdat God wat hierdie beloftes in Christus gegee het, getrou is, Hy doen wat Hy beloof.

Daarom het ons die versekering dat ons nou al met vrymoedigheid in Christus se bloed na God in die heiligdom kan gaan deur Hom aan te roep. Ons sal egter ook eenmaal in die hiernamaals vrye toegang tot sy heiligdom in Christus hê. Daar is geen twyfel dat God hierdie dinge wat ons bely, wat Hy in sy verbond beloof het en wat Hy met die doop beseël en bekragtig, sal doen nie.

Daarom moet ons in ’n wêreld waar die druk van alle kante op ons is, juis op mekaar ag gee, mekaar tot liefde en goeie werke aanspoor. Ons moet God in Christus aanroep, ons moet onwankelbaar vanuit hierdie belydenis leef, maar ons moet mekaar ook aanspoor om vanuit hierdie belydenis te leef. As ons dit doen, sal ons nie moedeloos word en in die geloofswedloop uitsak vanweël al die aanslae op ons geloof nie.

*Sing: Psalm 9:7 (1936)*

*Ds. CJJ (Jaco) Putter (Potgietersrus)*